

Beleid:
MIV-INFEKSIE EN VIGS





INSTITUTIONAL OFFICE FOR HIV AND AIDS



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

BELEID: MIV-INFEKSIE EN VIGS

Dokumentnommer	
Bewaarder/ Verantwoordelike bestuurslid	Registrateur
Verantwoordelike afdeling	
Status	Konsep 1: nie gerедigeer nie 17 August 2007
Goedgekeur deur	UBK
Datum van goedkeuring	Mei 2009
Wysigings	Konsep 1: nie gerедigeer nie 22 September 2009
Datums van wysigings	
Hersieningsdatum	



Verwante dokumente	
UJ-dokumente (bv. beleide, regulasies, riglyne, kontrakte) <ul style="list-style-type: none">• Beleid oor Toegang tot Inligting• Kode van Akademiese en Navorsingsetiek• Diensvoorraardes	Ander (bv. wetgewing, DvO- en HOKK-voorskrifte en riglyne) <ul style="list-style-type: none">• Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (no. 108 van 1996)• Wet op Basiese Diensvoorraardes (no. 75 van 1997)• Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (no. 130 van 1993)• Departement van Onderwys: Nasionale Vigs-plan: 2004• Departement van Gesondheid: MIV/vigs en SOI Strategiese Plan vir SA (2007-2011)• Departement van Arbeid: Kode van Goeie Praktyk oor Sleutelaspekte van MIV/vigs en Indiensneming• Wet op Gelyke Indiensneming• Wet op Arbeidsverhoudinge (no. 66 van 1995)• Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (no. 85 van 1993)• Nasionale Beleid oor MIV/vigs vir Leerders en Opvoeders in Openbare Skole en Studente en Opvoeders in Instellings vir Verdere Onderwys en Opleiding (no. 27 van 1996)
Deelhebbers wat deur hierdie dokument geraak word (eenhede en afdelings wat daar mee vertrou moet wees)	<ul style="list-style-type: none">• Alle werknemers en voornemende werknemers van die Universiteit• Alle geregistreerde en voornemende studente van die Universiteit
Webadres van hierdie dokument:	



INHOUDSOPGawe

1. LYS AFKORTINGS	4
2. AANHEF	6
3. SLEUTELBEGRIFFE	7
4. DOEL VAN BELEID	8
5. INSTITUSIONELE BELEIDSDOELSTELLINGS	10
6. BESTEK VAN BELEID	12
7. PROGRAM VAN AKTIWITEITE OM INSTITUSIONELE DOELSTELLINGS TE BEREIK	12
8. INSTITUSIONELE BENADERING OM 'N VEILIGE MIV- EN VIGS-OMGEWING TE HANDHAAF	18
9. VOORSpraak, KOMMUNIKASIE EN BEMARKING	21
10. MONITERING EN EVALUASIE	22
11. PROSES OM DIE BELEID TE HERSIEN	22
12. BELEIDSGESAG	23
13. BRONNELYS	23
14. BYLAES	



1. AFKORTINGS EN AKRONIEME

ARB	Antiretrovirale Behandeling
ARV	Antiretoviraal
CD4	Immuunhelper-T-selle wat CD4 op hul membrane het
DvG	Departement van Gesondheid
DvO	Departement van Onderwys
HAART	Hoogs Aktiewe Antiretrovirale Terapie
HEAIDS	MIV/vigs-program in Hoër Onderwys
HO	Hoër Onderwys
HOI's	Hoëronderwysinstellings
HOSA	Hoër Onderwys Suid-Afrika
IAO	Internasionale Arbeidsorganisasie
IOHA	Institusionele Kantoor vir MIV en VIGS
M&E	Monitering en Evaluasie
MH	Menslike Hulpbronne
MIV	Menslike immuniteitsgebreksvirus
NRO	Nieregeringsorganisasie
NSP	Nasionale Strategiese Plan
OI's	Opportunistiese infeksies
PEP	Nablaotstellingsvoorbehoeding
PLWHA	Persone wat saam met MIV en VIGS leef
PSYCADC	Sielkundige Dienste en Loopbaanontwikkeling
RHO	Raad op Hoër Onderwys



INSTITUTIONAL OFFICE FOR HIV AND AIDS

SABCOHA	Suid-Afrikaanse Sakekoalisie oor MIV/VIGS
SAOG	Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap
SOI's	Seksueel oordraagbare infeksies
SOS'e	Seksueel oordraagbare siektes
TB	Tuberkulose
UBK	Uitvoerende Bestuurskomitee
UJ	Universiteit van Johannesburg
VBT	Vrywillige berading en toetsing
VIGS	Verworwe immuniteitsgebreksindroom
WBP	Werknemerbystandsprogram






2. AANHEF

BELEID OOR MIV-INFEKSIE EN VIGS

Die Universiteit van Johannesburg besef die ernstigheid van die Menslike Immunitetsgebreksvirus- (MIV) infeksie en verworwe immunitetsgebreksindroom- (VIGS) pandemie en die implikasies daarvan vir werknemers, studente en pasiënte wat die klinieke besoek, asook vir die breër gemeenskap. Die Universiteit word as 'n omvattende universiteit geklassifiseer en bied sowel akademiese as beroepsgerigte programme aan. Die Universiteit van Johannesburg het vier kampusse, naamlik die Auckland Park Kingsway Kampus (APK), die Soweto Kampus (SWC), die Buntingweg Kampus (APB) en die Doornfontein Kampus (DFC). Al vier die kampusse is in die Gauteng Provinsie geleë en meer spesifiek in die stedelike omgewing van Johannesburg.

Die Universiteit se profiel bied spesifieke uitdagings aan die MIV- en VIGS-program en daarom is die Universiteit daartoe verbind om proaktief strategieë te formuleer en implementeer wat 'n werk-, leer- en kliniekomgewing in stand hou wat die verspreiding en impak van die siekte in bedwang hou en tot die vermindering van die maatskaplike, ekonomiese en menslike gevolge van die pandemie bydra. Verder, in ooreenstemming met die Universiteit se visie om intellektuele kapitaal aan te wend, erken die Universiteit sy rol om studente en akademiese werknemers te laat ontwikkel wat deur middel van hul onderskeie dissiplines en navorsing sinvolle bydraes kan lewer ten opsigte van die hantering van kwessies wat met MIV-infeksie en VIGS op alle vlakke van die samelewing verband hou.



3. OMSKRYWING VAN SLEUTELBEGRIFFE

- 3.1 MIV staan vir die menslike immuniteitsgebreksvirus wat die immuunstelsel (die liggaam se verdediging teen infeksies en siektes) laat verswak en tot VIGS-verwante infeksies lei.
- 3.2 VIGS verwys na die verworwe immuniteitsgebreksindroom. Vigs beskadig 'n persoon se immuunstelsel ernstig sodat die liggaam nie meer infeksies en siektes kan afweer nie. Dit lei tot 'n groep spesifieke mediese toestande, wat "VIGS-bepalende toestande of siektes" genoem word en verworwe immuniteitsgebreksindroom (VIGS) het ontwikkel.
- 3.3 MIV word net deur die volgende liggaamsvloeistowwe oorgedra: bloed, semen, vaginale en servikale vloeistowwe en borsmelk, MIV word gewoonlik oorgedra wanneer een of meer van hierdie vloeistowwe 'n ander persoon se liggaam binnedring.
- 3.4 Die hooftipes MIV-oordrag in Suid-Afrika is weens onbeskermde seksuele omgang, vanaf 'n geïnfekteerde moeder na haar kind gedurende geboorte en borsvoeding, deur besmette naalde wat met dwelmgebruikers gedeel word of deur besmette bloedprodukte (kom nou selde voor weens bloedsifting).
- 3.5 In sommige milieus is daar 'n minimale risiko om met MIV-besmette bloed geïnfekteer te word,



soos in 'n hospitaal, laboratorium gevaaarlike werkomgewing, ens. Hierdie risiko's kan uitgeskakel word deur universele voorsorgmaatreëls te tref soos: almal moet rubberhandskoene dra wanneer bloed hanteer word en alle bloedstortings moet onmiddellik opgevee word.

- 3.6 Omvattende reaksie op MIV en VIGS verwys na die erkenning dat MIV en VIGS 'n biologiese, sielkundige, ontwikkelings- en ekonomiese pandemie is wat 'n omvattende benadering vereis. Hierdie reaksie moet ook kennis neem van wêreldwye ontwikkelings ten opsigte van MIV en vigs en intervensie met hierdie "beste praktyke" in meetbare terme in ooreenstemming bring. Dus is 'n doeltreffende monitor- en evaluasiestelsel belangrik om so 'n reaksie te ondersteun.

4. DOEL VAN DIE BELEID

Die doel van die beleid is om:

- 4.1 duidelike voorskrifte, riglyne, prosesse en procedures te vestig wat verseker dat alle lede van die Universiteitsgemeenskap 'n duidelike begrip het van:
- (a) die omvattende reaksie wat die negatiewe impak van MIV en vigs sal verminder;
 - (b) die omvattende monitering van UJ se leierskapreaksie in die instelling, insluitend personeel- en studentestrukture;
 - (c) die kurrikulumreaksie ten opsigte van onderrig en






INSTITUTIONAL OFFICE FOR HIV AND AIDS

leer, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid, asook 'n geïntegreerde benadering tot die kurrikulum in en tussen departemente en/of fakulteite;


- (d) die MIV- en VIGS-voorkomings-, voorbehoedings- en beheerprogram ten einde beroepsrisiko's om die siekte oor te dra of op te doen, word gekontroleer en minimeer gevvolglik lang- en korttermynrisiko vir die Universiteit.
- 4.2 voorsiening te maak vir programme en dienste wat die volgende inkorporeer:
- (a) volgehou programme en dienste vir die voorkoming van MIV-infeksie en VIGS, seksueel oordraagbare siektes en ander verwante opportunistiese infeksies, soos tuberkulose;
 - (b) die bestuur van en ondersteuningsdienste vir werknelmers en studente wat met MIV/VIGS leef;
 - (c) skakeling met eksterne organisasies op streeks- en nasionalevlak en deelname aan gemeenskapsuitreikprojekte waarvan van toepassing;
 - (d) strategieë om die direkte en indirekte koste van MIV-infeksie en VIGS aan die Universiteit te hanteer met behoorlike inagneming van bekostigbaarheid;
 - (e) menseregte deur die grondwetlike regte van elke persoon aan UJ te bevorder, en derhalwe sal UJ nie diskriminasie teen studente of personeel toelaat nie asook nie teen kwesbare en gemarginaliseerde groepe nie.
- 4.3 'n MIV/VIGS-komitee te stig met 'n duidelik omskreve reglement;



- 4.4 voorsiening te maak vir subkomitees/werkgroepe na gelang van behoefte ten einde verteenwoordigers van alle sektore (werknekemers en studente) in die Universiteit as volle vennote by die ontwikkeling en implementering van alle voorkomings-, intervensie- en sorgstrategie te betrek.

5. INSTITUSIONELE BELEIDSDOELSTELLINGS

- 5.1 Om sterk, toegegewyde, institusionele en gemeenskapsleierskap te verskaf deur middel van die instelling se rol om gegradeerde te lewer, akademiese diskouers te stimuleer en nuwe kennis te versprei deur:
- (a) die gebruik van korporatiewe beheer te verseker deur aan institusionele korporatiewe beheerstrukture verslag te doen, met inbegrip van die uitvoerende bestuur, die Senaat en die Raad;
 - (b) aktiewe betrokkenheid by studenteleierskap te verseker deur middel van die deelname van die SR en huiskomitees;
 - (c) relevante persoonlike en professionele vaardighede oor MIV en VIGS te ontwikkel in geïntegreerde en omvattende kurrikula in al die fakulteite;
 - (d) sterk en relevante institusionele navorsingsentiteite en individuele navorsers te identifiseer en gepas te ondersteun; en
 - (e) oop debat oor MIV- en VIGS-kwessies te verskaf om tot besprekings in toepaslike strukture in die gemeenskap by te dra en dit te beïnvloed.



INSTITUTIONAL OFFICE FOR HIV AND AIDS

- 5.2 Om 'n gesonde en veilige omgewing in die Universiteit te skep wat op etiese beginsels, regsnorme en menseregte gegrond is, deur:
- (a) aandag te gee aan die kwessie van stigma en diskriminasie deur middel van institutionele beleide;
 - (b) omvattende ondersteuningsdienste aan personeel en studente te versaf deur middel van 'n interne en 'n verwysingstelsel;
 - (c) 'n effektiewe werkplekprogram vir UJ-werknemers te ontwikkel;
 - (d) voorkomingsintervensies en -programme te prioriseer, met inbegrip van porturopvoeding, VBT, programme om gender-gebaseerde geweld te hanteer en gendergelijkheid te bevorder, alkohol- en substansiemisbruikvoorkomingsopleiding en gedragsveranderingsprogramme wat deur navorsing en goeie praktyk teweeggebring is.
- 5.3 om 'n institutionele reaksie op die impak van MIV en VIGS te vestig wat gekoördineerd, omvattend en geïntegreerd is deur:
- (a) platforms te vestig wat voorsiening maak vir samewerking en die uitruil en verspreiding van innoverende idees en bevindings tussen instellings en ander gemeenskappe op plaaslike, nasionale en internasionale vlak;
 - (b) duidelike strategieë te vestig wat uitdruklik betrekking het om op MIV en VIGS te reageer deur navorsing, onderrig en leer en gemeenskapsbetrokkenheid;
 - (c) voorstelle te ontwikkel om aktiewe betrokkenheid en deelname van studente en



- studenteleierskapsorganisasies by MIV- en VIGS-aktiwiteit te bevorder; en
- (d) deurlopend goeie praktyke te normeer rakende intervensies vir personeel, studente en gemeenskapsbetrokkenheid by instellings en aan ander nasionale en internasionale MIV- en VIGS-beleide, programme en protokolle.

6. BESTEK VAN DIE BELEID

Hierdie beleid is van toepassing op alle Universiteits-werknemers met 'n mediese skema of nie, en sluit in: akademiese, administratiewe en ondersteuningspersoneel op al die kampusse in alle beroepskategorieë en persone wat vir indiensneming oorweeg word asook voornemende en geregistreerde studente (voorgaadse, nagraadse en deeltydse studente) van die Universiteit. Verwysings na die eksterne werknemersbystandsprogram se dienste is onmiddellik aan familielede van permanente en UJ-kontrakwerknemers beskikbaar.



7. PROGRAM VAN AKTIWITEITE OM BELEIDSDOELSTELLINGS TE BEREIK

7.1 UITGANGSPUNT

Die Universiteit se Beleid oor MIV-infeksie en VIGS is geformuleer in die konteks van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en Handves van





Menseregte, die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet op Basiese Diensvooraardes, Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdiige Diskriminasie, Wet op die Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes, Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid en die Nasionale Beleid oor MIV/VIGS vir Leerders en Opvoeders in Openbare Skole en Studente en Opvoeders in Instellings vir Verdere Onderwys en Opleiding asook die Departement van Onderwys se Nasionale MIV/VIGS-plan en die Departement van Gesondheid se Strategiese Plan vir MIV/VIGS en Seksueel Oordragbare Infeksies (SOI's).

- (a) Deur vennootskappe met tersaaklike eksterne agentskappe en tussen werknemers en studente intern te vestig, verbind die Universiteit homself om aktief by voorkomings- en ondersteuningsprogramme betrokke te raak in 'n poging om die siekte te bestry.
- (b) Alle lede van die Universiteitsgemeenskap is verantwoordelik vir hul eie gesondheid, om dit te vermy om die gesondheid van ander te benadeel, indien enigsins moontlik, en om tot die uitroeiing van die siekte by te dra.
- (c) Die beginsel van gesonde korporatiewe bestuur met betrekking tot finansiële bestuur word toegepas.

7.2 **BEGINSELS**

Die grondliggende beginsel is dat persone wat deur MIV-infeksie en VIGS gekompromitteer word,



in alle opsigte soos ander persone behandel word wat vergelykbare lewensgevaarlike toestande het, in ooreenstemming met die Beleid oor Lewensgevaarlike Siektes van die Universiteit, wat in Bylaag A vervat is.

7.2.1 **Menswaardigheid**

Alle persone het die reg dat hul waardigheid gerespekteer en beskerm word.

7.2.2 Billikheid, regte en verantwoordelikhede


- (a) Alle werknekmers en/of studente het 'n reg op 'n veilige werk-/leeromgewing en om teen infeksie te beskerm te word, maar het ook die gepaardgaande verantwoordelikheid om hierdie omgewing in stand te hou.
- (b) Werknekmers/studente met MIV-infeksie en VIGS het dieselfde regte as alle werknekmers/studente om 'n vol professionele en/of onderriglewé te lei, en het die verpligting om nie doelbewus die infeksie te versprei nie.

7.2.3 **Niediskriminasie**

- (a) Werknekmers/studente word teen diskriminasie, stigmatisering en viktimisering beskerm.
- (b) 'n Ondersteunende en niediskriminerende omgewing word geskep vir lede van die Universiteitsgemeenskap wat met MIV/VIGS besmet is of daardeur geraak word ten einde vooroordeel en diskriminasie teen te werk.

7.2.4 **Ingeligte toestemming**

- (a) Daar sal van geen personeellid/student/pasiënt in



INSTITUTIONAL OFFICE FOR HIV AND AIDS

die kliniek vereis word om MIV-toetsing te ondergaan sonder ingelige toestemming nie.

- (b) Toetsing gaan gepaard met toepaslike berading.
- (c) Openbaarmaking aan derde partye kan slegs geskied indien ingelige skriftelike toestemming van die betrokke persoon bekom word.


7.2.5 **Vertroulikheid**

- (a) Die Universiteit respekteer die reg van individue op vertroulikheid oor hul MIV/VIGS-status tensy dit regtens anders aangedui word
- (b) Toetsing en berading op die kampus is vrywillig en vertroulik.
- (c) Enige persoon aan wie inligting oor 'n individu se status bekendgemaak word, word regtens vereis om hierdie inligting vertroulik te hou. Enige skending van vertroulikheid kan regsaanspreeklikheid of dissiplinêre stappe teen die onthuller van sodanige inligting regverdig.

7.2.6 **Openlikheid, aanvaarding en ondersteuning**

Openlikheid, aanvaarding en ondersteuning vir werknemers en studente wat vrywillig hul MIV-status bekendmaak, word bevorder deur:

- (a) persone aan te moedig wat openlik met MIV/VIGS leef om aan opvoedings-, voorkomings- en bewustheidsprogramme deel te neem of te verrig;
- (b) die ontwikkeling van ondersteuningsgroepe vir werknemers en studente wat met MIV/VIGS leef, aan te moedig; en



- (c) te verseker dat daar nie onbillik teen persone wat eerlik oor hul MIV/status is gediskrimineer word nie of dat hulle nie geviktimiseer/gestigmatiseer word nie.

7.3 DIE BESTUUR VAN MIV-INFEKSIEN EN VIGS

7.3.1 Die Universiteit se Komitee vir MIV en VIGS

Die Universiteit se Komitee vir MIV en VIGS werk ooreenkomsdig die Reglement wat in Bylaag B gestipuleer is.

7.3.2 Strategiese plan vir MIV-infeksie en VIGS

- (a) 'n Universiteit se strategiese plan vir MIV-infeksie en vigs is gegrond op 'n geïntegreerde benadering tot die bestuur van MIV-infeksie en die vigs-pandemie en word ontwikkel in ooreenstemming met die bepalings van hierdie beleid en Hoër Onderwys se MIV- en VIGS-program.
- (b) Die strategiese plan word deurlopend gemonitor en bygewerk en jaarliks hersien. Vergelyk Bylaag C.

7.3.3 ALGEMENE PROGRAMME EN DIENSTE

Alle programme en dienste vir MIV-infeksie en VIGS-opvoeding, -navorsing, -voorkoming, -berading, -sorg en -ondersteuning word in die breër maatskaplike konteks beskou. In hierdie verband verbind die Universiteit homself om vennootskappe met regerings- en nieregeringsorganisasies en die private sektor te sluit vir die implementering van uitvoerbare, koste-effektiewe en volhoubare MIV-infeksie- en VIGS-programme.



7.3.3.1 Opvoedingsprogramme

- (a) Alle werknemers en studente het toegang tot MIV-infeksie- en VIGS-opvoedings- en bewusstheidsprogramme. Sulke programme verskaf inligting en leer die vaardighede wat vir die Universiteitsgemeenskap vereis word om te voorkom dat hulleself of ander besmet raak en om diskriminasie te bestry asook om leiding aan werknemers en studente te gee oor hoe om saam met mense wat met MIV/VIGS leef te leef, werk en in wisselwerking te tree. Inligting oor universele veiligheidsvoorsorgmaatreëls in die werk- en leeromgewing word ook verskaf.
- (b) Waar van toepassing maak opvoeding oor MIV/VIGS deel uit van die Universiteit se uitrekprogram.
- (c) Aandag word geskenk aan verwante kwessies, soos gendersensitiwiteit asook verkragting, seksuele misbruik en geweld.

7.3.3.2 Navorsing

- (a) Die Universiteit moedig nagraadse navorsing oor MIV-infeksie en VIGS aan, indien tersaaklik.
- (b) Die Universiteit moedig navorsingsamewerkning met interne, eksterne en internasionale vennote aan met die oog op:
 - (i) om kundigheid rakende die beste praktyk in die bestuur van MIV en VIGS te deel;
 - (ii) gesamentlike en/of studierigtingprojekte;
 - (iii) befondsingsgeleenthede.



- (c) Alle aktiwiteite met betrekking tot die insameling, kollasie en verspreiding van inligting oor MIV en VIGS word uitgevoer in ooreenstemming met die bepalings van die Universiteit se Kode van Akademiese en Navorsingsetiek.

7.3.3.3 Sorg- en ondersteuningsdienste

- (a) Vrywillige MIV-toetsing vir werknemers en studente
- (b) Vertroulike voor- en natoets-MIV-berading
- (c) Ondersteuning van en berading aan geïnfekteerde en/of werknemers en studente wat daardeur geraak word
- (d) Indien nodig, verwysing van werknemers en studente vir verdere bestuur na gesikte afdelings in die Universiteit en/of gesikte professionele persone, instellings en/of organisasies in die gemeenskap
- (e) Die vestiging van ondersteuningsgroepe vir werknemers en studente wat met MIV/VIGS besmet of daardeur geraak word, waar uitvoerbaar
- (f) Welstandsprogramme
- (g) Maak kondome in maklik bereikbare liggings beskikbaar.

8. INSTITUSIONELE BENADERING OM 'N MIV- EN VIGS-VEILIGE OMGEWING DEUR RISIKOVERMINDERING



IN STAND TE HOU

- 8.1 Kragtens die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (130 van 1993) kan MIV-infeksie as 'n ongeluk beskou word indien so 'n infeksie opgedoen word as gevolg van 'n voorval wat spruit uit en in die loop van 'n persoon se werk mits die tyd, datum, plek en omstandighede van die voorval bepaalbaar is en soos deur die wet voorgeskryf word, aangemeld word.
- 8.2 Met betrekking tot werknemers, studente en pasiënte verskaf die Universiteit, so ver as wat dit redelik uitvoerbaar is, 'n veilige werk-, leer- en kliniekomgewing.
- (a) Goedgekeurde universele infeksiebeheermaatreëls is in die klinieke, laboratoria, op die sportvelde en by noodhulpposte gevestig en word geïmplementeer;
 - (b) Voorsiening word gemaak vir geskikte toerusting, materiale/beskermingsdrag (bv. handskoene) en opruimingsmaatreëls vir potensiële besmette afvalprodukte in klinieke, laboratoria, mediese noodsorglokale en noodhulpposte-/houers.
 - (c) Goedgekeurde protokolle met betrekking tot universele voorsorgmaatreëls ten opsigte van infeksiebeheer en hantering van liggaamsvloeistowwe/afvalprodukte word prominent in alle tersaaklike werksgebiede vertoon;
 - (d) Opvoeding en opleiding van betrokke werknemers en studente rakende universele



- infeksiebeheermaatreëls, beskermende klere, wegdoeningsmaatreël vir potensieel besmette neweprodukte en die naaldsteekbeleid.
- 8.3 'n Goedgekeurde naaldsteekbeleid is gevestig en word by alle amptelike lokale (bv. klinieke en laboratoria) en alle amptelik erkende Universiteitsituasies (bv. sport- en mediese noodsorglokale en lewensorondersteuningvoertuie) geïmplementeer.
- 8.4 Beroepsverworwe MIV-blootstelling word bestuur ooreenkomsdig die voorskrifte van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid en protokolle wat deur die Universiteit se Gesondheids- en veiligheidsadvieskomitee bepaal is en die Uitvoerende Bestuur se Bedryfskomitee goedgekeur is.
- (a) Alle MIV-verwante voorvalle word so gou as moontlik op die voorgeskrewe vorm ooreenkomsdig amptelike procedures by die Afdeling Gesondheid en Veiligheid aangemeld.
- (b) Werknemers, studente of pasiënte wat aan infeksie blootgestel is in die loop van hul amptelike pligte, hul studie of as 'n pasiënt sal die nodige bystand van die Universiteit ontvang ooreenkomsdig die tersaaklike protokolle. Dit kan antiretrovirale medikasie (en gepaardgaande berading) op mediese advies, in 'n noodsituasie, in 'n openbare of private hospitaal insluit, afhangende van gesondheidversekeringsdekking.
- (c) Die nodige nablootstellingsorg en -ondersteuning



INSTITUTIONAL OFFICE FOR HIV AND AIDS

is beskikbaar ooreenkomstig die bepaling van hierdie beleid.

9. VOORSPRAAK, KOMMUNIKASIE EN BEMARKING

9.1 Die UJ-Komitee vir MIV en VIGS, sal sorg dat kommunikasie en bewusheid van die MIV-beleid aan die breër UJ-gemeenskap plaasvind:

1. **UBK/UBKA/ULG**

VERANTWOORDELIKE PERSOON
UBK-verteenwoordiger

2. **AKADEMIESE**

FAKULTEITSRAADVERGADERINGS

VERANTWOORDELIKE PERSOON
Akademiese verteenwoordigers

3. **VAKBONDE**

VERANTWOORDELIKE PERSOON
Vakbond-verteenwoordiger

4. **SR EN HUISKOMITEES**

VERANTWOORDELIKE PERSOON
Uitvoerende Direkteur: Studentesake

5. **UJ-PERSONEEL**

VERANTWOORDELIKE PERSOON
MH-verteenwoordiger(s)

6. **BEMARKING EN VOORSPRAAK**



UNIVERSITY OF JOHANNESBURG



VERANTWOORDELIKE PERSOON
Korporatiewe Bemarking, IOHA, Voorsitter

9.2 HANTERING VAN STIGMA, DISKRIMINASIE EN KWESBARE GROEPE

Stigma, diskriminasie en kwesbare groepe sal deel uitmaak van alle opvoedings- en bewustheidsprogramme aan UJ. Spesiale aandag sal aan vrouens en jong volwassenes gegee word om die impak van die MI-virus by die instelling te verminder.

10. MONITERING EN EVALUASIE

UJ besef die belangrikheid van 'n moniterings- en evaluasieproses om die impak en vordering te meet. Ter ondersteuning hiervan het UJ duidelike verslagdoeningsriglyne gevvestig deur middel van die Afdeling Korporatiewe Beheer. Spesifieke aanwysers per sleutelgebied sal deur die Moniterings- en Evaluasietaakspan opgestel word wat bestaan uit: Internasionale Organisasie van Werknemers, Korporatiewe Beheer en IOHA.



11. HERSIENINGSPROSSES VAN DIE BELEID

11.1 Gereelde hersiening van die beleid word uitgevoer ooreenkomsdig die goedgekeurde Universiteitsbeleid oor Beleidsontwikkeling. Die proses vind plaas in oorleg met die toepaslike





- kwaliteitsversekeringstrukture op fakulteits- en institusionele vlak en onder die beskerming van die amptelike bewaarder van hierdie beleid, naamlik die Registrateur.
- 11.2 Protokolle word op 'n jaarlikse grondslag hersien ooreenkomsdig die nuutste wetenskaplike bevindings, wysigings aan nasionale wetgewing en/ of nasionale en streeks- strategiese planne.


12. BELEIDSGESAG

12.1 Die UJ-Komitee vir MIV en VIGS

Die Universiteitskomitee vir MIV en VIGS tree op ooreenkomsdig die Reglement wat in Bylaag B voorkom.

13. BRONNELYS

- (a) Die Universele Deklarasie van Menseregte, (1948).
- (b) Die Afrikahandves oor Mense- en Volkeregte, (1986).
- (c) Die Grondwet van Suid-Afrika, (no. 108 van 1996).
- (d) Presidensie. Suid-Afrikaanse Raamwerk vir Vrouebemagtiging en Gendergelykheid, (2000).
- (e) Die Wet op Hoër Onderwys (no. 18207 van 1997).
- (f) Departement van Gesondheid: MIV en VIGS/SOS Strategiese Plan vir Suid-Afrika 2000 – 2005, (1999).
- (g) Departement van Gesondheid: MIV en VIGS en SOI Nasionale Strategiese Plan 2007 – 2011, (2006).



- (h) Sentrum vir Siektebeheer/Agentskap vir Toksiese Middels en Siekteregister (CDC/ATSDR): Protokol vir Hantering van Beroepsblootstelling aan die Menslike Immunitetsgebreksvirus (MIV) (1192).
- (i) HEAIDS: Hoëronderwys-MIV/VIGS Strategiese Raamwerk 2006 – 2009
- (j) Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie (no. 4 van 2000).
- (k) Departement van Onderwys: Nasionale Beleid oor MIV/VIGS vir Leerders en Opvoeders in Openbare Skole, en Studente en Opvoeders in Instellings vir Verdere Onderwys en Opleiding, (1926 van 1999 Staatskoerant).
- (l) Departement van Gesondheid: Bestuur van Beroepsblootstelling aan die Menslike Immunitetsgebreksvirus (MIV), (1999).
- (m) Departement van Arbeid: Kode van Goeie Praktyk oor Sleutelaspekte van MIV en VIGS en Indiensneming, (2000).
- (n) Departement van Arbeid: MIV en VIGS Tegniese Bystandsriglyne (bygewerk).
- (o) Departement van Staatsdiens en Administrasie: Om MIV en VIGS in die werkplek te bestuur. 'n Handleiding vir Staatsdepartemente (1999).
- (p) Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 85 (1993).
- (q) Beleidsraamwerk oor MIV en VIGS vir Hoër Onderwys in SA (2008).



INSTITUTIONAL OFFICE FOR HIV AND AIDS

- (r) Die Wet op Gelyke Indiensneming, 55 (1998).
- (s) Die Wet op Arbeidsverhoudinge (no. 66 van 1996).
- (t) Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes
(no. 75 van 1997).
- (u) Die Wet op Mediese Skemas (no. 131 van 1998).
- (v) Die Wet op Myngesondheid en -veiligheid
(no. 29 van 1996).
- (w) Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes,
130 (1993).
- (x) IAO. Kode van Praktyk oor MIV en VIGS en die
Werkswêreld, (2002).

